HAÏTI – 2010

Dis 14 maande ná die katastrofiese aardbewing in Haïti wat meer as 316 000 lewens geëis het, en inwoners soek steeds na lyke wat onder die puin begrawe is.

Vir die buitewêreld lyk dit asof dié land dalk nooit dié verwoestende ramp te bowe gaan kom nie. Baie mense is steeds sonder die basiese benodigdhede en bly op straat. En daar is verontrustende berigte van sosiale verval, soos seksslaafhandel en verkragting wat 'n mini-ontploffing in die land se geboortesyfer veroorsaak het.

Geboue in die hoofstad, Port-au-Prince, staan steeds net so, met herstelwerk wat nog nie begin het nie, en 'n miljoen mense bly steeds in kampe omdat huisvesting eenvoudig buite hul bereik is. Haïti voor 12 Januarie 2010 was 'n baie ander plek as die een daarna . . .

Dié dag het inwoners eers net 'n veraf dreuning gehoor, en toe kom die skudding wat geboue en huise eenvoudig platvee. Toe dit verby was, het 'n verstikkende stofwolk oor die stad gehang. Elders in die land was mense feitlik afgesny van die res van die wêreld, terwyl plunderaars winkels beroof het op soek na kos, water en mediese voorraad om te kan oorleef.

Om by te dra tot die ellende in die land – een van die wêreld se armstes – het 'n cholera-epidemie uitgebreek, wat amper 4 000 lewens geëis het.

Vandag, meer as 'n jaar later, kom werkers steeds op lyke af, en minder as 5 persent van die puin is al opgeruim.

In die weke ná die ramp is baie beloftes van geldelike hulp oor 'n tydperk van 18 maande gemaak, maar 14 maande later is R22 biljoen – meer as die helfte – steeds uitstaande.

Ekonome raam die totale skade op byna R100 biljoen, en dis net die verlies wat gely is, sonder inagneming van dit wat bykomend nodig sal wees om die land weer op sy voete te bring.

Vir Haïti lyk die toekoms maar duister.

CORBIS/GREATSTOCK

Haïti se hoofstad, Port-au-Prince, is die ergste getref. Daar word 14 maande ná die tragedie steeds lyke van slagoffers gekry.

CHINA – 2010

China het die afgelope drie jaar onder twee vernietigende aardbewings gesteier, met die mees onlangse in April 2010 in die suidelike provinsie Qinghai. Meer as 2 000 mense is dood toe die skudding van 6,9 op die Richterskaal die gebied tref – met die episentrum in Yushu, waar meer as 23 000 monnike en priesters in talle kloosters bly.

Kinders is in die puin van skole begrawe, bebloede mense het op straat rondgeskarrel op soek na familielede en vele herders en boere is in hul modder-en-houthuise toegeval. Ná die skudding was 8 000 monnike dakloos.

GALLO IMAGES/AFP

'n Monnik staan en kyk hoe reddingswerkers die puin opruim van 'n klooster in Jiegu in Qinghai.

10 KRAGTIGSTE AARDBEWINGS SEDERT DIE 1900' S – VOLGENS DIE RICHTERSKAAL



	METING	GEBIED	LAND	DATUM	DODETAL
1	9,5	Valdivia	Chili	22 Mei 1960	1 655
2	9,2	Alaska	VSA	27 Maart 1964	128
3	9,1	Soematra	Indonesië	26 Desember 2004	230 000+
4	9,0	Kamtsjatka	Rusland	4 November 1952	0
5	9,0	Sendai	Noord-Japan	11 Maart 2011	10 000+
6	8,8	Maule	Chili	27 Februarie 2010	521
7	8,8	Esmeraldas	Ecuador	31 Januarie 1906	500 tot 1 500
8	8,7	Alaska	VSA	4 Februarie 1965	0
9	8,6	Noord-Soematra	Indonesië	28 Maart 2005	±1 300
10	8,6	Assam	Tibet/Indië	15 Augustus 1950	1526

(Blaai om)